JAARLIKSE SKOOLVERSLAG

Skooljaar: 2026

Voorwoord:

So kom ons weer aan die einde van nóg ’n besige, uitdagende en besonder suksesvolle jaar. Dit is vir my ’n groot voorreg en besondere eer om aan die hoof van hierdie uitsonderlike skool te staan.

Wanneer ons terugkyk op die afgelope twaalf maande, besef ons hoeveel daar gebeur het en hoeveel hoogtepunte ons saam kon beleef. Tog lê die grootste sukses nie bloot in ons prestasies, uitslae of toekennings nie, maar in die wete dat ons kinders geleer, gegroei en ontwikkel het. Hulle is vandag beter toegerus as gister om die uitdagings van môre met selfvertroue en verantwoordelikheid aan te pak. Dit bly ons strewe om elke leerder jaarliks verder toe te rus met die kennis, vaardighede, waardes en lewensinsig wat hulle nodig het om hul volle potensiaal te bereik.

Tjokkies is ook vanjaar op besondere wyse op verskeie terreine geseën. Hiervoor wil ons in die eerste plek ons Hemelse Vader opreg dank. Dankie Here, vir die kinders wat aan ons sorg toevertrou is, vir die geleenthede wat ons ontvang het en vir die voorreg om ’n verskil in jong lewens te kan maak.

Aan elke pa en ma: Baie geluk met julle kind se prestasies en my opregte waardering vir die rol wat julle in hul lewens speel. Koester julle kinders, geniet hul groei en vier hul suksesse. Gee erkenning waar dit verdien word en wees trots op dit wat hulle bereik.

Mag ons egter te midde van al die vreugde en trots nooit vergeet waar ons grootste dankbaarheid tuishoort nie. Sonder die genade, liefde en seën van ons Hemelse Vader sou ons soveel minder gehad het om oor dankbaar te wees. Laat ons Hom daarom nie net op besondere dae soos vandag dank nie, maar elke dag erken vir alles wat ons uit Sy hand ontvang.

Dit is met dankbaarheid en trots dat ek vervolgens ’n oorsig gee van die belangrikste aktiwiteite, prestasies en besondere seëninge wat Tjokkies gedurende die afgelope jaar beleef het.

1. Skoolfinansies			
Kategorie	**Algemene Inligting**	**Uitdagings**	**Opmerkings**
Begroting & Bestuur	**Inkomste:** Begroting van R20.15 mil vir 2026 Die hoofbronne van inkomste: ❖ Skoolfonds: R17,2 miljoen ❖ Nasorg: R1,7 miljoen ❖ Staatsubsidie: R276 570 ❖ Fondsinsamelings, donasies & borge: R491 296 **Uitgawes:** ❖ Salarisse: R8,8 miljoen ❖ Munisipale kostes: R1,250 miljoen ❖ Sekuriteit: R750 000	• 10.13% ouers ontvang korting (R1,212,100) • R468,137 skoolfonds is uitstaande (1 Febr - 30 Okt 2026) • Stygende Munisipale en brandstof kostes. • Staatsubsidie is net 1,38% van totale begrote uitgawes.	• Kortingaansoeke styg jaarliks. • Instandhouding van die terrein asook die skep van ‘n veilige omgewing vir ons leerders en personeel is ‘n aanwins vir die skool veral in ‘n omgewing wat deurgaans onder vervalling gebuk gaan.

2. Borgskappe & Fondsinsamelings			
Kategorie	**Algemene Inligting**	**Aanwending**	**Betrokke borge**
Borge	Die skool maak staat op borgskappe uit die gemeenskap. Totale inkomste vanuit borgskappe ontvang – R 232 000	• Kleredrag vir Gr.7’s en sportspanne • Gr.1 Sportdag • Tjokkie Hokkietoernooi	• Aton Finansiële Dienste • Bloemfontein Motors • FAW Truck • Smith Auto Group • Magalies • McDonalds

	Die skool kon ook beding vir korting op aankope, verblyf en ander dienste om te help om die begroting te laat klop.	• O/11 & O/13 Kriekettoernooie • Kermis • Vervoer • Wesgrow-liga	• SHEGroup • ZR Garden Service • Woodline Gazebo's • Stoney's Wheel & Tyre • R & L Engineering • Consyl Taxes • Mondior Manor • Ander Kleiner Kaalvoetborge
Fondsinsamelingsprojekte	Fondse wat deur fondsinsamelings ingesamel is word in 'n ondersteunende fonds inbetaal om te help met verskeie projekte.	• Vermindering van toer- en toernooigelde van spelers. • Ondersteuning van leerders met finansiële uitdagings vir kampe/buitelugskool, ens. • Vervoer van leerders. • Aanvulling van beligting in saal	Die volgende fondsinsamelingsprojekte het 'n totaal van R259 296 ingebring waarvoor ons baie dankbaar is: ➢ Lazer & Light Show ➢ Kermis ➢ Gr.1 Tjokkiedag ➢ Tjokkie Hokkiedag ➢ Advertensiespasie ➢ Wesgrow

3. Fisiese Fasiliteite			
Kategorie	**Algemene Inligting**	**Area**	**Betrokkenheid**
Opgraderings	Uit die begroting en reserwe-fondse is enkele projekte opgeknap.	• Opknapping van sportbadkamers • Verf van skool se dakke • Opknapping van onthaalarea vir besoekende skole	• Buitekontrakteurs wat deur Beheerliggaam aangestel is.

Nuwe ontwikkelinge	Deel van vooruitgang is konstante vernuwing en uitbreiding.	• Aanbring van Spreiligte op Rugbyveld	• Buitekontrakteur deur Beheerliggaam aangestel.
Onderhoud en netheid	Instandhouding moet jaarliks gedoen word en die uitgawes vorm deel van die begroting. Die uitbreiding van die skoolgronde plaas ekstra druk op munisipale uitgawes.	• Vervanging van stukkende ruite • Verfwerk – deurlopend	• Nuwe terreinbestuurder en algemene werkers.

4. Beheerliggaam en Ouerkomitee			
Kategorie	**Algemene Inligting**	**Verantwoordelikhede**	**Betrokkenheid**
SBL-samestelling en rolle	Dankie aan die Beheerliggaam vir 3 jaar se diensbaarheid. Die verkiesing vir ‘n nuwe Beheerliggaam vind in Maart 2027 plaas. 6 ouers (Gr.R ingesluit), 4 onderwysers en 1 adminbeampte vorm deel van Beheerliggaam.	• Beheer oor skoolfinansies volgens SA Skolewet. • Opstel en aanpassing van beleide. • Aanbevelings vir nuwe aanstellings. • Regsaspekte.	• Elke BL-lid dien as voorsitter van spesifieke subkomitees. • Vergader kwartaalliks en op ad hoc basis vir spesifieke geleenthede.
Ouerkomitee	Graadverteenwoordigers uit verskillende grade en klasse word aangewys. Vanuit verteenwoordigers word die bestuur verkies met ‘n Voorsitter, O/voorsitter en Tesourier.	• Werk saam met die skool se bemarker en Ondersteunersklub. • Verantwoordelik vir verkope tydens sportdae en ander geleenthede. • Dien as spreekbuis vir ouers rakende voorstelle/klagtes.	• Gr.1 Sportdag • Wesgrow Sportdae • Tjokkie-Hokkiedag • Kermis

		• Doen kwartaalliks verslag aan die Beheerliggaam.	

5. Leerdergetalle			
Kategorie	**Algemene Inligting**	**Huidige situasie**	**Resultate**
Totale leerdertal	Skoolgetalle vir 2026 was konstant 897. Die skool is as vol geklassifiseer op 869 leerders vanaf Gr.1-7 Gr.1-3 het 5 klasse per graad met maksimum van 28 leerders per klas. Gr.4-7 is 4 klasse per graad met maksimum van 34 leerders per graad.	• Skool staan tans op 897	• Getalle het met 18 leerders gegroei in 2026. • Vooruitsig vir 2027 wys ‘n groei van 13 leerders. • Geskatte getal 910 (Gr.1-7)
Nuwe inskrywings vir 2027	Inskrywings vir 2026 lyk stabiel	• 2026 Gr.1 = 134 • 2027 Gr.1 = 132	As gevolg van die besnoeiing van onderwysposte in die Vrystaat, verloor die skool een Departementele-pos.
Skoolverlaters / oorplasings 2026	14 Leerders verlaat Tjokkies aan die einde van 2026 (Gr.7 uitgesluit)	• Gr. 7 = 118 • Gr.1-6 = 14	Nuwe aansoeke in Gr.2-6 vir 2027 vervang die verskil.

6. Leerdersake			
Kategorie	**Algemene Inligting**	**Toepassing**	**Wat om in aandag te gee**
Dissipline	Dissipline word volgens 'n waardestelsel aan leerders geleer. Die handhawing van skoolreëls bly egter relevant. Daar word weekliks met leerders tydens saalopeninge daaroor gepraat.	• Onderwysers pas dissipline toe volgens vaste klasreëls wat konsekwent toegepas moet word. • Skool volg 'n dissiplinebeleid wat gehandhaaf word. • Disa-rekorderingstelsel word gebruik vir die aanteken van oortredings.	• Na die aanpassing deur BELA op die SA Skolewet, is skole verplig om hul "Gedragskodes vir Leerders" aan te pas. • Is in Januarie 2026 aangepas.
Leierskap - Leerderraad	36 Gr.6 leerders (18 seuns en 18 dogters) word jaarliks verkies om onderwysers te help om verskeie take te verrig tydens hul gr. 7-jaar.	<u>Hoofleiers vir 2026</u> • Olivia Grobler -Hoofdogter • Wian Pieters – Hoofseun • Lia Jv Rensburg – O/Hoofdogter • CP Wolhuter – O/Hoofseun	• Ontwikkeling van alle leerders in die Graad. • Leierskapsprogram vir Gr.6-leerders

7. Akademie			
Kategorie: Grondslagfase	**Algemene Inligting**	**Uitkomste**	**Uitdagings**
Doelwitte a) Elke leerder se volle potensiaal te ontwikkel.	Ondersteuningsonderrig speel 'n prominente rol en verleen hulp aan leerders en hul ouers.	• Kleiner klasse maak dat leerders meer intensiewe aandag kry.	• Laatkommery van leerders in klasse.

b) Leesvaardighede te verbeter. c) Leerders te bemagtig vir die volgende graad.	Gereelde terugvoer aan ouers is belangrik.	• Leesvaardighede is prioriteit en benodig gereelde oefening.	• Lees in die grondslagfase bly steeds ‘n uitdaging. • Onderbrekings in dagprogram weens onbeplande aktiwiteite.
d) Departementele besoeke en skoolaktiwiteite	EGRA en SBA moderering deur Anita Knoester. IIAL moderering deur Nasionale Onderwys Departement. <u>Aktiwiteite en funksies</u> a) Oupa- en Oumadag b) Breek ‘n Reëldag c) Interne Spelkompetisie	• Ontvang positiewe verslag. • Aktiwiteite wat aangebied is, was baie positief en het goeie terugvoering ontvang.	• Gr. 1-3 EGRA – leesinstrument. • EGRA leesrapport (SAMS) het verskeie foute gehad. • IIAL assesserings vir ‘n derde taal.
Onderwyserontwikkeling	Departementele “Start up”- en “ATP” werkswinkels word in Kwartaal 1 bygewoon met gereelde opvolg-sessies deur Departement deur die loop van die jaar.	<u>Personeel woon ook die volgende kursusse by</u>: • Coding and Robotics werkswinkel - 10-12 Feb. • IALL vergaderings - 2 Mei, 17 Junie, 9 Sept. en 15 Sept. • Outisme werkswinkel 1 Mei • Kreatiewe skryf werkswinkel - 14 Aug. • Tippie leesreeks kursus - 16 Okt. • Tharollo Mop-Up werkswinkel - 12-13 Okt.	Baie van die opleidingsgeleenthede vind tydens skoolure plaas wat beteken dat die onderwyser nie by die skool is nie. Datums van Departementele werkswinkels en vergaderings word gereeld geskuif of op nippertjie gekanselleer.

Intersenfase	Formele en Informele assesserings vind deurlopend plaas. Toetsweke in kwartaal 1 en 3 en Eksamens kwartaal 2 en 4. Klastoetse, opdragte en take in kwartaal 3 vorm die basis van leerders se akademiese punte. Gereelde terugvoer word aan die Beheerliggaam en Departement gegee om skole se akademiese vordering te monitor.	• Top 20 akademiese erkenning na afloop van elke kwartaal. • Erkenning vir progressiewe akademiese vordering en top 20 akademiese prestasies na afloop van kwartaal 2 en 3. • Deelnames en erkenning van leerderprestasies aan ATKV Spelkompetisies, Nautilus, Olimpiades, Conquesta en Robotika.	• Onderbreking in dagprogram weens druk buitemuurse program. • Wisseling van personeel. • Wisselende jaarlikse skoolkalender.
Interne programme / Ekstra klasse	Intervensie en ekstra klasse in hoofvakke na elke toetsreeks en eksamen word vir die leerders aangebied.	• Leerders wat sukkel word na die Remediërende afdeling verwys vir moontlike konsessies.	• Swak bywoning van leerders vir hierdie ekstra klasse.
Onderwyserontwikkeling	Departementele “Start up”-werkswinkels word in Kwartaal 1 bygewoon met gereelde opvolg-sessies deur Departement deur die loop van die jaar. Kwaliteit opleidingsessies deur die SAOU word ook deur die loop van die jaar bygewoon.	<u>Personeel woon ook die volgende motiverings-geleentheid by</u>: • “Generasiegapings”	Baie van die Departementele opleidingsgeleenthede vind tydens skoolure plaas wat beteken dat die onderwyser nie by die skool is nie.

Departementele besoeke	EGRA lees ook in Intersenfase geïmplementeer in Afrikaans sowel as Engels.	Stuur kwartaalliks 'n leesrapport uit.	Bevind dat hierdie leesstukke te maklik is en teenstrydig is met die uitslae van die skool se *"Reading Rocket"* leesprogram
Ondersteuningsonderrig	RO-leerdergetalle van Gr. 1 – 6: 146 Konsessie leerdergetalle: 51 Leerders word ontwikkel en ondersteun met leerhindernisse in Tale, Gesyferdheid, Perseptuele en Motoriese vaardighede. Deurlopende aansoeke word gestuur na die "Mangaung Metropolitan Education District Development and Support" vir Leerderinskakeling nommers, Konsessies asook Spesiale onderwys.	Vorderingsverslae word gestuur na die afhandeling van evaluasies en gestandaardiseerde toetsings. **Kursusse bygewoon:** • 17/26 Feb: Support Teaching Roadshow/ Transition from grade 3 to grade 4. • 2/10/24 Mrt: Dyslexia seminar/Spraakterapie/ Navigating Neurodiversity in the classroom • 12 Apr: Practical management of concessions (SIAS) • 1/8/10 Junie: Understanding behaviour in Autism/Leer spel deur assosiasie,speletjies en woordeboek-gebruik/ADHD in the classroom with Goldilocks and The Bear Foundation. • 12 Aug: How to support parents of LSEN learners with compassion • 16/17 Sept: Die Boustene vir Geletterdheid en Leer/ Holistic School Readiness-Building Foundations for Learning.	• Konsessiegetalle groei kwartaalliks en moet deurlopend hanteer word. • Maak gebruik van addisionele buite-persone wat konsessies kan aflê. • Ekstra finansiële las op ouers van hierdie leerders.

Biblioteek	Die biblioteek is daagliks gedurende pouses oop en Graad 4- tot 7-leerders kan uitneem. Graad 3-leerders kan aan ‘n boekklub behoort wat twee keer per week vergader en kan dan ook gedurende hierdie twee middae uitneem. Twee boekuitstallings is gedurende 2026 gehou en die hoeveelheid boeke word deurentyd aangevul.	• Om al die nuwe boeke rakgereed te kry, is ‘n tydrowende proses. Elke boek moet geklassifiseer en ingelees word.	• Die biblioteek kry groot aftrek gedurende die somermaande. Gedurende die winter het die getalle afgeneem en dit kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die biblioteek ‘n baie koue vertrek is! Media-assistente help pouses met die uitneemproses.

8. Kultuur			
Subafdeling	**Algemene Inligting**	**Prestasies / Hoogtepunte**	**Deelname / Betrokkenheid**
Voortrekkers	<u>Aksies van die jaar</u> a) Waatlemoenfees b) Gesinsuitstappie (Visvang) c) Herfskamp d) Kommandokamp e) Spesialisasiedag	<u>Hoofleiers vir 2026</u>: Lisa van der Hever Bastian van Blerk • Suksesvolle deelname en bywoning van Doornkloofkampe asook Kommandokamp.	• 234 ingeskrewe lede • Maandelikse kosvoorsiening aan Eersteling Skool

	f) PD Voorslag g) PD Gebiedskamp h) 4 x Kommando-bestuursvergaderings	• 15 Graad 7's kamp PD Voorslagkamp, en verwerf 9 Goud en 6 Silwer	
Kore SNR	Koorleier: Jo-Retha Rossouw Begeleier: Marietjie Langenhoven Koördineerder: Louise van Blerk	• ATKV Applouskompetisie Silwer • Kunswedstryd 2 A-simbole	• 80+ Aktiewe koorlede • Koorkamp Doringbos • Koortoer Bergharmonie • ATKV Applouskompetisie • Kunswedstryd • St Michael's Choir Festival • Doxa Deo Koor Sondag • Pellissier familiefees • Villa Avianto kultuurfees • Cassalegio-aand by Sentraal • Saaloptredes • Prysuitdelings • Massakoor saam met ouers by NG Kerk Pellissier
Kore GSF	Koorleier: Jo-Retha Rossouw Begeleier: Hanlie Dippenaar Koördineerder: Louise van Blerk	• Kunswedstryd A, A+	• 50+ Aktiewe koorlede • Dagkamp/pretdag • Kunswedstryd • Villa Avianto Kultuurfees • Pellissier Familiefees • PBS Koorfees • Striata Aftree-oord optrede • Prysuitdelings • Saaloptredes

			• Massakoor saam met ouers by NG Kerk Pellissier
Musiek	Baie aktiewe Musiekdepartement met 4 permanente musiek-onderwysers. Onderrig in klavier, blokfluit, kitaar, sang en musiekteorie. 183 leerlinge	• 2 Musiekaande is op 16 en 17 September gehou. • Deelname aan die Vrystaatse Kunswedstryd. 18 x A++, 25 x A+, 20 x A, 12x B+ • Jenna de Vries ontvang 'n prys vir die beste blokfluitspeler na afloop van die kunswedstryd. • UNISA praktiese eksamens. 9 leerlinge speel: 1 slaag met lof en 7 met eervolle vermelding • Trinity praktiese eksamens. 11 leerlinge lê eksamens suksesvol af. • UNISA teorie eksamens. • 10 Leerlinge skryf hul eksamen.	Gereelde optredes by: • Redenaarsbyeenkomste • Gr 1-Inligtingsdag.
Revuegroep	In 'n tydgleuf van twee weke het die oudisiegeleenthede plaasgevind vir keuring. Daar was baie groot belangstelling! Groep bestaan uit 69 leerders, seuns en dogters vanaf Gr. 4 – 7. Oefenkamp is gehou laaste dag van Julie-vakansie vir	• Rivista Danskompetisie: Behaal 91% A++ en ontvang Goue toekenning. • Curro Dance Festival: Behaal 91% A++ en ontvang Goue toekenning.	<u>Optredes en deelname:</u> • PBS Revueaand • Hoërskool Sand du Plessis Revuefees • Rivista Kompetisie • Curro Dance Festival Competition • Optrede in saalperiode vir hul alma mater! • Tjokkies Kermis • Universitas-Rif basaar

	voorbereiding en afronding voor optredes afskop!		
Pom-poms	Baie aktiewe Pom-Pom groep wat dwarsdeur die jaar betrokke was by optredes. Vanjaar se groep het uit 20 dogters bestaan. 2 Graad 2-leerders en 18 Graad 3-leerders. 78 leerders het kom oudisie doen. Kostuums het weer vanjaar baie komplimente ontvang.	• Trio Ritmefees: 2de plek. Hierdie was ook ‘n toer na Kroonstad, wat beslis ‘n groot hoogtepunt was. • Curro Dance Festival: A+ Tweede plek Rivista Kompetisie: Dubbel Goud A++	• Totale hoeveelheid optredes:11. • Deelname aan verskeie tipes optredes, onder andere 3 kompeterende optredes, 5 basaars, 1 kermis asook by die rugbydag en in die saal.
Redenaars Grondslagfase Senior Redenaars English Public Speaking	Tjokkies beskik oor baie goeie jong sprekers. Twee opleidingsgeleenthede is aangebied: 1 vir die Grondslagfase en 1 vir die Senior Fase. • Interne redenaars – Gr.6-7 in Maart, Gr.4-5 in Junie en Grondslagfase in Augustus. Die Interne Engelse “Public Speaking” het in September tydens die “English Week” plaasgevind.	**GSF-wenners:** Gr. 1: 1ste: Liam Smith 2de: Imareth Rossouw 3de: Azaria van Jaarsveld Gr.2: 1ste: Liam Coleman 2de: EJ van Niekerk 3de: Anzé Ferreira Gr.3: 1ste: Sophia Rossouw 2de: Gustav Duvenhage 3de: Miné Kruger Gr.4: 1ste: Vida-Ani Markgraaff 2de: Natalee Watson 3de: Jolene van Niekerk Gr.5: 1ste: Anke Strauss 2de: Leamay Bosch 3de: Lizbie Spies Gr.6: 1ste: Andréas Rossouw 2de: Renette van Niekerk	Deelname aan verskeie kompetisies binne- en buite-skoolverband: ATKV Redenaars (6 leerders), Radikale Redenaars (9 leerders), ATKV DigiPraat en Podiumpret. Public Speaking het 3 sprekers by Oranje deelgeneem. Lia Janse van Rensburg wen haar afdeling en Gèhan Viviers het tweede in sy afdeling geëindig.

		3de: Gèhan Viviers Gr.7: 1ste: Martin Deysel 2de: Lia Janse van Rensburg 3de: Zetske Veldman **ATKV Redenaars:** Daar het 6 sprekers deelgeneem aan die kompetisie in Welkom op 18 April nl. Gerhard Fouché, Deanli Bezuidenhout, Margette de Villiers, Andréas Rossouw en Renette van Niekerk. Andréas Rossouw dring deur na die semi-finale rondte. **Radikale Redenaars:** 9 Sprekers van graad 4-7 het aan die kompetisie in Maart deelgeneem en het die volgende uitslae behaal.2x A+ simbole en 7 A-simbole. **Oppie Tong Af:** Dit was die eerste keer wat leerders vir hierdie kompetisie ingeskryf het. Andréas Rossouw en Margette de Villiers het albei 'n A+ -simbool behaal. Slegs seniorfase het deelgeneem. Gr.4 en 5 1ste: Leah Scribante 2de: Deanli Bezuidenhout 3de: Natalee Watson Gr.6 en 7 1ste: Lia Janse van Rensburg 2de: Renette van Niekerk 3de: Martin Deysel en Ben Welman	

Tjokkies In Christus-TIC	Die "Tree"-span is betrokke by 'n weeklikse geleentheid wat die Graad 4-7's dien. Me. Maryka de Bruyn bied ook weekliks 'n geestesgesondheid periode vir die senior leerders aan. Ds. Thania Botha is betrokke by die ondersteuning van ons ouergemeenskap. Gemeenskapsprojekte word deur Juffrou Leandri Kruger behartig.	<u>Hulp aan die Tjokkie-gemeenskap:</u> • 28 geestesgesondheids-periodes vir die Gr.4-7 leerders. • 5200 Kospakkies vir die broodjie-projek leerders vir 2026. • Geestelike groei op spesiale dae vir leerders en onderwysers. • Insameling van verskeie produkte. • Twee Athalia-Uitreike • Tjokkie Dagkamp • Terreinwerkers bediening 2 keer per jaar. • GSF – Beleef 'n kinderproduksie.	• Jeugwerker- Ds. Thania Botha is twee volle weeksdae betrokke om leerders emosioneel te ondersteun. • Daar was 53 leerders deur die jaar emosioneel ondersteun. • 8 Gesinne is met gereelde kospakkies en ander behoeftes, bv. mediese onkostes ondersteun.

9. Sport			
Sportsoort	**Algemene Inligting**	**Prestasies / Hoogtepunte**	**Deelname / Betrokkenheid**
Atletiek	Kleursport Sone A	3 rekords verbeter. Victor Ludorum: Divan Rautenbach Victrix Ludorum: Karin Potgieter • 11 x goud • 15 x silwer • 15 x brons	Massadeelname. 80 atlete neem deel. • Sone A ondervoorsitter & tegniese bestuurder:

			Mnr. Simon Nieuwoudt
	Motheo/Xhariep	• 2 x goud • 7 x silwer • 3 x brons	51 atlete neem deel. • Tegniese bestuurder: Mnr. Simon Nieuwoudt
	Vrystaat	• 0 x goud • 2 x silwer • 0 x brons	19 atlete neem deel.
	Nasionaal	Groenpunt stadion, Kaapstad	2 atlete neem deel: • Germari J v Rensburg • Leah Steyn
Hokkie	Tjokkies het 'n baie gesonde hokkiedeelname. Deelname vanjaar: • 286 Seuns en 257 meisies • 41 afrigters waarvan 15 buite-afrigters was. • 1 Afrigter voltooi vlak 2	**<u>Provinsiale deelname:</u>** 8 Spelers is vir SFS-spanne gekies • O/13 A – Tuané Jansen • O/13B - Dieter Odendaal, Wian Pieters en Udo vd Westhuizen • O/12 A – Keanan Pretorius • O/12 B – Christopher Kruger, Divan Rautenbach en Liam Geyer • 3 Seunsspanne wen al hulle ligawedstryde. • 4 Dogtersspanne het al hulle ligawedstryde gewen.	**Betrokkenheid van Tjokkie-personeel buite skoolverband:** • Juf. Mianca Opperman • Juf. Louise Jacobs • Wanda Stemmett en • Mnr. Vano Edem tree op as keurders vir Vrystaat-spanne. • Juf. Ursula Helberg en Juf. Mianca dien op die SFS-bestuur. **Toernooie:** Rising star Elsie Coetzer Nika Coertzen

		Die O/12 en O/13 A seuns het ook in die semi-finale gespeel. Die O/12 A seuns het 4de in die liga geëindig en die O/13 A seuns 3de	Coastal Cup Toernooi Mosselbaai
Krieket	• 2026-seisoen het op 15 Januarie met proewe begin; al 12 afrigters was betrokke. • Tien spanne is vir die eerste kwartaal se liga ingeskryf, met vyf ligawedstryde beplan. Die ontwikkeling van jong spelers en die behoud van spelers in ouer ouderdomsgroepe bly prioriteite. • Borge vir die eerste span se nuwe kleredrag: ATON Wealth en Magalies.	MMC 2026: 14 seuns het na die tweede rondte proewe deurgedring (3 O/13, 6 O/12 en 5 O/11). 9 seuns en 2 dogters het aan die finale proewe deelgeneem. Gekeurde spelers volgens die derde kwartaal verslag: • O/11B: Philip de Necker • O/12B: Joshua Nel, Divan Rautenbach en Jean-Luc Pienaar • O/13B: Dieter Odendaal • O/13A: Lia Janse van Rensburg Toernooie: O/11 Tjokkies-toernooi (28–30 September) en eerste O/13-toernooi (1–3 Oktober 2026).	Uitdagings: • Rugby en Hokkie beinvloed deelname in die 1ste kwartaal. • Meer wedstrydblootstelling vir laer spanne bly ‘n prioriteit.
Landloop	**Algemeen** Landloop is ‘n nie-amptelike skoolsport by Tjokkies en skakel in by UV waar oefeninge en kompetisies plaasvind.	**Deelname aan Vrystaat byeenkoms.** • 25 atlete kwalifiseer om deel te neem.	**Prestasies:** • O/11 - Leah Steyn 38ste in Suid-Afrika • O/13 - Lisa van den Hever 45ste in Suid-Afrika

	Atlete neem egter onder Tjokkies deel. Skool hanteer slegs admin. 50 atlete het in 2026 registreer by ASA om deel te neem aan 7 ligas wat deur die loop van die jaar plaasvind.	SA deelname: • Leah Steyn O/11 • Lisa van den Hever O/13	
Netbal	Netbalvaardighede veral onder die junior spelers word aangemoedig. Voorseisoen klinieke is gehou as voorbereiding vir die ligas. Tjokkies skryf 28 spanne in vir vanjaar se liga. **Afrigters woon die volgende by:** • Reëlbespreking • Skeidsregtergradering • Klinieke vir elke ouderdom aangebied	<u>Provinsiale deename en uitspele:</u> **O/13 Vrystaatspelers:** Tamzyn Brown Karin Potgieter • **O/13A-span** - Play-offs 4de plek - ITEC 2de plek - VKB Sentraal 3de Plek • **Wesgrow** - Algeheel 4de - 0/10D Wenners • **O/12 en 13 Hoops** - 0/12, 2de plek - 0/13, 3de plek	Personeel betrokkenheid buite skoolverband: O/13 MMED keurder- Me. K Marais • Mini-Netbal woon 3 netbaltoernooie gedurende seisoen by. • **Ander Toernooie bygewoon** - Willem Postma Aandliga - ITEC Toernooi - Menlo Toernooi
Rugby	Tjokkies het ’n goeie rugbyseisoen beleef.	<u>Provinsiale deelnemers:</u> **Vrystaat O/13C** Gideon Calldo	Die O/13A-span het in Februarie aan ’n voorbereidingstoernooi op Jacobsdal deelgeneem.

	Wesgrow -wenners saam met Willem Postma. Drie opeenvolgende jare wenner van die O/9-afdeling. Verskeie provinsiale verteenwoordigers in senior spanne. Suksesvolle aanbieding van Tjokkies se eerste 7's-rugbytoernooi, as waardevolle toevoeging tot ons rugbyprogram	**Vrystaat O/12B** • Bouwer Strydom **Vrystaat 7's Rugby** • O/12A – Bouwer Strydom • O/12B – Liam Geyer - Jayden Young **Wesgrow-Kompetisie** Spanne wat as wenners uit die stryd getree het: • O/9A • O/11B • O/11C	Gedurende die Aprilvakansie het die O/9- en O/11A- en B-spanne aan die ITEC-toernooi deelgeneem, terwyl die o/13A- en B-spanne 'n toernooi in Klerksdorp bygewoon het. **Personeelbetrokkenheid by Vrystaat Laerskole Rugby:** • **Mnr. Johan Visser:** O/12-keurder en O/12B 7's-spanbestuurder. • **Mnr. Ruan Strydom:** Top 10-skeidsregter, O/12-afrigter en O/12 7's-keurder. • **Mnr. Hermann Davin:** Sekretaris van Vrystaat Laerskole Rugby.
Swem	Aantal swemmers groei jaarliks. Vaardighede word aangeleer en swemmers word opgeskuif na gelang van vaardighede verbeter, na meer gevorderde groepe. Groot hoeveelheid Tjokkie-leerders skakel ook by klubs in wat ook hul eie galas aanbied.	**VS Laerskole Swemkampioenskappe:** • 53 Tjokkie-swemmers neem deel <u>Uitslae:</u> • 1 goud • 5 silwer • 7 brons medaljes Volgende swemmers wen individuele medaljes:	• Tjokkies-gala (Net skool betrokke) • Tjokkies GSF Mini-gala • Tjokkies en Willem Postma Gala • Inter Primêre swemgala Ander galas wat jaarliks ondersteun word. • Trompsburg Gala

	Tjokkies bied ‘n GSF swemgala aan. Enigste gala in sy soort in die stad wat jong swemmers ‘n geleentheid gee om hul swem te ontwikkel en ‘n gala opset te ervaar. 13 Skole skryf in vir die geleentheid waar meer as 160 swemmers deelgeneem het. Baie goeie terugvoer van besoekende skole is ontvang.	• Janré Slabbert • Cailyn de Kock • Ludwig Niemann • Ruan Bergh • Hanro Aucamp • Jané Tredoux Aflosse wen: • 3 silwer medaljes **Trompsburg Gala:** • 35 Swemmers neem deel Die volgende medaljes word ingepalm: • 27 goud • 28 silwer • 27 brons Janré Slabbert is tydens die gala as die Victor Ludorum aangewys.	• Bultfontein Afskop Gala • SPS Brandfort Blitsgala • Tjokkies Blitsgala
Tennis	Die belangstelling in tennis by Tjokkies groei jaarliks. Grootliks te danke aan mnr. Sherwin van Jaarsveld en sy span afrigters van Elite Pro Tennis Akademie. Die belangstelling is veral groot by die Gr.1’s wat nuut begin.	<u>Provinsiale deelnemers:</u> **Mangaung Laerskole tennis** • Logan Steyn • Janez Beukes • Jacques Maartens • Joshua Nel • MC Schimper	**<u>Toernooie bygewoon:</u>** 2 seunsspanne en 1 dogtersspan het deelgeneem aan die Rising Star Tennistoernooi in Bloemfontein. **Uitslag:** Eerste seunsspan eindig tweede in die toernooi. **<u>Toere</u>:** 1ste seunsspan toer na Potchefstroom en neem deel aan die NWU Eagles Multi-Surface

	Daar is tans 3 spanne ingeskryf in die 0/11-liga en 0/13-ligas.	**Vrystaat:** • Joshua Nel • Janez Beukes	Laerskole Tennistoernooi van 26-29 Aug. **Uitslag:** Eindig vyfde 1ste dogters en 2de seuns toer na Cradock en neem deel aan die Spar Laerskool Cradock Tennistoernooi van 26-29 Aug. **Uitslag:** Seuns eindig 5de Dogters eindig 8ste **<u>Eendjiebeker:</u>** Twee O/9-spannetjies neem deel aan die Eendjiebeker.
Skaak	Skaak by Tjokkies is baie lewendig en gesond. Skryf vanjaar 5 spanne in vir die Liga. Neem deel aan BFN Primary School Festivals wat oor naweke gespeel word.	**Novice span** • Ligawenners • 3 Bordwenners in Liga **Junior A-span** • Ligawenners • 6 Bordwenners in Liga **Junior B-span** • Ligawenners • 6 Bordwenners in Liga **Senior A-span** • Ligawenners • 7 Bordwenners in Liga **Graad 2-3 A-span** • 2de plek	Die uitdagings vir die liga is nie meer goed nie, omrede die goeie skole onttrek het van die liga a.g.v. swak organisering. Dus neem ons ook aan die naweektoernooie deel om groei te bevorder.

	Tjokkies bied ook ‘n Blitsskaak-toernooi aan waaraan 130 spelers deelgeneem het.	• 1 Bordwenners in Liga • Kwalifiseer vir Top Schools Free State kompetisie • 2de by Top-Schools Free State kompetisie **Tjokkies stap weg met** 2 x 2de plekke 3 x 3de plekke **7 Vrystaatspelers** • Evan Bosch • Gerhard Fouche • Hanco Engelbrecht • Jano Wepener • Timmy Naude • SB Bosch • Marnu Myburgh	Baie suksesvolle toernooi. Heelwat privaattoernooie word ook gedurende sekere naweke aangebied. Ouers skryf self hul kinders in. Kinders kan vanuit hierdie toernooie kwalifiseer vir Vrystaatspanne.

MEEGEVOEL
Tjokkies betuig sy innige simpatie met personeel, ouers en kinders wat geliefdes gedurende die jaar aan die dood afgestaan het.

'n Skool kan nie ten volle funksioneer sonder die hulp en insette van verskeie rolspelers nie. Daarom my opregte dank en waardering aan die volgende partye betrokke.

My opregte dank aan:

- Ons Hemelse Vader.
- Die Beheerliggaam onder leiding van mnr. Wessel Groenewald asook alle ander lede en voorsitters van hul funksionele komitees
- Ouerkomitee o.l.v. mev. Freda Goosen.
- Gebedsgroep o.l.v. mev. Katinka Cilliers.
- Ondersteunersklub o.l.v. mnr. Stiaan Janse van Rensburg.
- Die Bestuurspan.
- Die Tjokkie-personeel.
- Tjokkies Preprimêr se personeel.
- Die administratiewe personeel.
- Mnr. Henk de Lange en die terreinpersoneel.
- Ouers en vriende van die skool.
- Alle borge, groot of hoe klein ookal.

Toekoms:
In 2027 begin ons die reis weer van vooraf, met nuwe energie, nuwe planne en nuwe uitdagings. Mag God elke tree saam met ons stap, elke rit saam met ons ry en elke oomblik by ons wees. Want enige reis sonder die groot Stuurman het nie rigting nie. Mag ons ouers, kinders en onderwysers hierdie reis geniet.



LC Gunter
Skoolhoof
Datum: November 2026

Tjokkies Preprimêre Jaarverslag 2026

Vanjaar is die kleuterskool se 30ste bestaansjaar. Tradisioneel word ‘n 30 jaar herdenking, of drie dekades, deur pêrels verteenwoordig.

Net soos ‘n pêrel oor jare heen laag vir laag, binne-in ‘n skulp gevorm word, het ons oor die jare met tyd, geduld en liefde die kleuters wat aan ons toevertrou is, help vorm tot unieke individue.

Net soos ‘n pêrel, ontwikkel elke kind teen sy eie tempo en help ons hul om hul eie glans te vind.

So vorm elke Tjokkie pêrel sáám ‘n string van onskatbare waarde.

In hierdie 30 jaar het Tjokkies Preprimêr uitgebrei van 2 klasse en 15 kleuters tot 6 klasse en 172 kleuters in 2027. Die personeel het met ‘n skamele 2 juffrouens begin en staan aan die begin van volgende jaar op 20 personeel.

Op hierdie manier voed die Kleuterskool die Primêre Skool al vir 30 jaar.

Tjokkies Preprimêr bied jaarliks ‘n suksesvolle Gholfdag aan om ons fondse te versterk en die hoë standard van dit wat ons bied te kan handhaaf.

Ons poog deurentyd om ons terrein en geboue in ‘n baie goeie toestand te hou – vanjaar is die skool se dakke onder andere herstel en nuut geverf.

Veiligheid in alle opsigte is vir ons ‘n baie groot prioriteit en verdien deurlopende aandag en toekenning van fondse in dié verband.

Bo en behalwe ons konkrete werksbenadering, beskik Tjokkies ook oor Arbeidsterapie, Spraakterapie, Ondersteuningsonderrig, Klasmusiek én Kinderkinetika.

Ons bied ook ‘n platvorm aan jong, opkomende onderwysers deur onderwysstudente as assistente aan te stel, wat ook bydrae tot die suksesvolle funksionering van die skool.

Die Baby-Tjoklits Sportdag wat ons in samewerking met die Primêre Skool aanbied, het ‘n groot jaarlikse bemarkingsgeleentheid vir Tjokkies geword.

In totaliteit bied Tjokkies aan elke kleuter die geleentheid om te groei en ontwikkel tot ‘n kosbare pêrel in Jesus se kroon.

Mag Tjokkies vir nog 30 jaar die besondere Seën van ons Hemelse Vader ontvang.

Elsabé Claassen

Skoolhoof: Pre-primêr